



Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

SENTRUM VIR
OPVOEDKUNDIGE
STUDIES (EDMS) Bpk
wdtwp572@gmail.com / 083 654 1363

Syferkunde
Wiskunde
Leierskap


Hersiening Inoefening Vaslegging
Graad 4 – Kwartaal 3 – Werkopdrag 1 – 2024
Gewone breuke

Die inhoud van hierdie materiaal is volgens die Jaarlikse Onderrigplan van die Departement van Basiese Onderwys 2024.

Afdeling A – Beskryf en benoem gewone breuke:

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. So lyk my partytjie koek.
2. Ek het maatjies genooi en daarom sal my ma die koek moet sny.
3. Wanneer my ma die koek sny, verdeel sy dit in ewe groot kleiner dele.
4. Ek het 7 maatjies genooi na my partytjie.
5. My ma sny die koek in 8 gelyke dele.
6. Die koek lyk nou so.





1. Beantwoord die volgende vrae:

- 1.1 In hoeveel gelyke dele is die hele koek verdeel? _____ (1)
- 1.2 Hoeveel dele kry elkeen? _____ (1)
- 1.3 Uit hoeveel dele bestaan die helfte van die koek? _____ (1)
- 1.4 Uit hoeveel dele bestaan 'n kwart van die koek? _____ (1)
- 1.5 As twee dele opgeëet is, hoeveel dele bly oor? _____ (1)
- 1.6 Drie maatjies eet hul koek later. Hoeveel dele is reeds geëet? _____ (1)

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. Tot dusver het ons net met heelgetalle gewerk.
2. Gewone breuke kom nou by en dit vind ons tussen die heelgetalle.
3. TUSSEN 0 en 1 is 'n **HALWE, geskryf as $\frac{1}{2}$** .


Jy moet dit KEN!!!



5. Die **TELLER** dui aan met **hoeveel van die kleiner ewe groot dele jy werk**.
6. Die **NOEMER** dui die **hoeveelheid kleiner ewe groot dele aan**.
7. In hierdie voorbeeld werk jy met **1 van 2 dele: 'n half of die helfte $[\frac{1}{2}]$** .

2. Beantwoord die volgende vrae:

Gebruik die sketsvoorbeeld van 'n sjokolade om jou te help!!!



- 2.1 In hoeveel gelyke dele is die hele sjokolade verdeel? _____ (1)
- 2.2 Uit hoeveel blokkies bestaan die helfte van die sjokolade? _____ (1)
- 2.3 As ek 4 blokkies eet, hoeveel groepies van 4 is oor? _____ (1)
- 2.4 As ek 2 blokkies eet, hoeveel groepies van 2 is oor? _____ (1)
- 2.5 As ek 8 blokkies eet, hoeveel blokkies is oor? _____ (1)
- 2.6 As ek die sjokolade tussen 4 maatjies gelykop verdeel, hoeveel blokkies kry elkeen?
_____ (1)
- 2.7 As ek die sjokolade tussen 3 maatjies gelykop verdeel, hoeveel blokkies kry elkeen?
_____ (1)
- 2.8 As ek die sjokolade tussen 5 maatjies gelykop verdeel, hoeveel blokkies kry elkeen?
_____ (1)


3. Voltooi die volgende tabel:

Getal blokkies ingekleur		Breuk		Getal				
1	2			1 Halwe	$\frac{1}{2}$			
1	2	3			$\frac{1}{3}$			
1	2	3	4	1 Kwart				
1	2	3	4	5	$\frac{1}{5}$			
1	2	3	4	5	6	$\frac{1}{6}$		
1	2	3	4	5	6	7	1 Sewende	
1	2	3	4	5	6	7	8	$\frac{1}{8}$

(6)

4. Kleur die breuk van die hele in soos gevra:

4.1 $\frac{2}{5}$ van die sirkel




(1)

4.2 $\frac{3}{5}$ van die vyfhoek




(1)

4.3 $\frac{4}{7}$ van die sirkel




(1)

4.4 $\frac{1}{7}$ van die sewehoek







(1)

4.5 $\frac{5}{8}$ van die sirkel



(1)

5. Skryf die breuk neer wat ingekleur is:




(5)

Afdeling B – Rangskik en vergelyk gewone breuke:

KEN die name!!!

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

- Hier langsaan is 'n voorbeeld van 'n **BREUKEMUUR**.
- Die boonste **ROOI BLOK** is **1 HELE**.
- Die volgende **GEEL BLOK** wys **2 HALWES = 1 HELE**.
- Die volgende **GROEN BLOK** wys **3 DERDES = 1 HELE**.
- KWARTE, VYFDES, SESDES** en **SEWENDES** volg tot **AGSTES**.
- Spreek die name van die breuke korrek uit.



- Gebruik die breukemuur en beantwoord die vrae:**
Antwoord net WAAR of ONWAAR:

- 1.1 Is 'n $\frac{1}{2}$ meer as $\frac{1}{3}$? _____ (1)
- 1.2 Is 'n $\frac{1}{8}$ meer as $\frac{1}{7}$? _____ (1)
- 1.3 Is 'n $\frac{1}{7}$ meer as $\frac{1}{5}$? _____ (1)
- 1.4 Is 'n $\frac{1}{8}$ meer as $\frac{1}{3}$? _____ (1)

- Skryf die breuke van groot na klein: [Gebruik die breukemuur om jou te help]**

$\frac{1}{2}; \frac{1}{8}; \frac{1}{4}; \frac{1}{7}; \frac{1}{6}; \frac{1}{5}; \frac{1}{3}$ _____ (1)

- Skryf die breuke van klein na groot: [Gebruik die breukemuur om jou te help]**

$\frac{1}{2}; \frac{1}{8}; \frac{1}{4}; \frac{1}{7}; \frac{1}{6}; \frac{1}{5}; \frac{1}{3}$ _____ (1)

- Vul die regte verwantskapteken in: [$<$; = of $>$] [Gebruik die breukemuur om jou te help]**

- 4.1 $\frac{1}{2}$ _____ $\frac{1}{8}$ 4.2 $\frac{1}{6}$ _____ $\frac{1}{4}$
- 4.3 $\frac{2}{7}$ _____ $\frac{2}{6}$ 4.4 $\frac{5}{6}$ _____ $\frac{3}{5}$
- 4.5 $\frac{1}{2}$ _____ $\frac{4}{8}$ 4.6 $\frac{1}{4}$ _____ $\frac{2}{8}$
- 4.7 $\frac{2}{6}$ _____ $\frac{1}{3}$ 4.8 $\frac{4}{4}$ _____ 1 hele (8)

Afdeling C – Bepaal 'n breuk van 'n groep:

Groepe vorm ook 1 hele!!!

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. Langsaan is 'n versameling Smarties.
2. Die versameling kan gesien word as 1 groep Smarties.
3. Die 1 groep bestaan uit verskillende kleure.
4. Daar is 2 groen Smarties of geskryf as $\frac{2}{12}$ van 12 Smarties.
5. 2 is die teller en 12 is die noemer.
6. ONTHOU die betekenis van TELLER en NOEMER.



1. Beantwoord die volgende vrae:

- 1.1 Hoeveel Smarties is daar altesaam? _____ (1)
- 1.2 As ek die helfte opgeëet het, hoeveel Smarties bly oor? **[Wys jou bewerking]**
_____ (2)
- 1.3 As ek 'n derde opgeëet het, hoeveel Smarties bly oor? **[Wys jou bewerking]**
_____ (2)
- 1.4 As ek 'n kwart opgeëet het, hoeveel Smarties bly oor? **[Wys jou bewerking]**
_____ (2)
- 1.5 Skryf die helfte van die Smarties as 'n gewone breuk _____ (1)
- 1.6 Skryf 'n derde van die Smarties as 'n gewone breuk _____ (1)
- 1.7 Skryf 'n kwart van die Smarties as 'n gewone breuk _____ (1)
- 1.8 Hoeveel blou en pers Smarties is daar altesaam? **[Wys jou bewerking]**
_____ (2)
- 1.9 Skryf jou antwoord by 1.8 in breukvorm _____ (1)
- 1.10 Hoeveel geel en groen Smarties is daar altesaam? **[Wys jou bewerking]**
_____ (2)
- 1.11 Skryf jou antwoord by 1.10 in breukvorm _____ (1)

KIDS GENIUS-PROGRAM [Hoër denkvlak-vraag]
Kyk of jy dit self kan uitredeneer!!!



Hier is 'n figuur met verskillende vorms:
Bestudeer dit goed en beantwoord dan die vrae:

1. Hoeveel blokke so groot soos A tel jy in die figuur?

_____ (1)

2. Hoeveel blokke so groot soos B tel jy in die figuur?

_____ (1)

3. Hoeveel blokke so groot soos C tel jy in die figuur?

(1)

4. Skryf blok A as 'n breuk van die hele figuur?


(1)

5. Skryf blok B as 'n breuk van die hele figuur?

(1)

6. Skryf blok C as 'n breuk van die hele figuur?

(1)



Hoe bereken jy 'n breuk van 'n heelgetal:

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. **VRAAG:** Bereken $\frac{1}{3}$ van 12 → **METODE:** $12 \div \text{noemer } 3 = 4$ en $4 \times \text{teller } 1 = 4$

$$\therefore \frac{1}{3} \text{ van } 12 = 4$$

2. **KEN** en **VERSTAAN** hierdie **METODE**.

BAIE BELANGRIK!!!

2. Bereken en wys alle bewerkings:

2.1 $\frac{1}{2}$ van 18 = _____ (3)

2.2 $\frac{1}{3}$ van 18 = _____ (3)

2.3 $\frac{1}{4}$ van 24 = _____ (3)

2.4 $\frac{1}{5}$ van 30 = _____ (3)

2.5 $\frac{1}{6}$ van 36 = _____ (3)

2.6 $\frac{1}{7}$ van 42 = _____ (3)

2.7 $\frac{1}{8}$ van 56 = _____ (3)

3. Woordsomme met breuke:

3.1 Drie maatjies deel 27 lekkers. Hoeveel sal elkeen kry?

Teken 'n diagram:

Bewerkings: _____

(1)

(2)

Antwoord: _____

(1)

3.2 Daar is 30 kinders in ons klas. $\frac{1}{5}$ van hulle speel tennis. Hoeveel kinders speel tennis?

Teken 'n diagram:

Bewerkings: _____

(1)

(2)

Antwoord: _____

(1)

Afdeling D – Optelling van gewone breuke:

KEN die REËLS!!!

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. Net soos heelgetalle, kan breuke ook opgetel word.
2. Ons werk net met breuke met **DIESELFDE NOEMERS**.

VOORBEELD: $\frac{1}{5} + \frac{3}{5} = \frac{4}{5} \rightarrow$ **ONTHOU:** Slegs die **TELLERS** word opgetel. Die **NOEMER** bly dieselfde.

1. Beantwoord die volgende vrae: [Gebruik die breukemuur om jou te help]

1.1 $\frac{1}{3} + \frac{1}{3} =$ _____

1.2 $\frac{1}{4} + \frac{2}{4} =$ _____

1.3 $\frac{3}{5} + \frac{1}{5} =$ _____

1.4 $\frac{2}{8} + \frac{5}{8} =$ _____

1.5 $\frac{2}{6} + \frac{3}{6} =$ _____


1.6 $\frac{1}{7} + \frac{1}{7} =$ _____


1.7 $\frac{1}{8} + \frac{4}{8} + \frac{2}{8} =$ _____

1.8 $\frac{1}{7} + \frac{3}{7} + \frac{1}{7} =$ _____

(8)

2. Ons kan ook getallemlyne gebruik om op te tel:

2.1  $\frac{1}{4} + \frac{2}{4} = \underline{\hspace{2cm}}$ (2)

2.2  $\frac{3}{6} + \frac{2}{6} = \underline{\hspace{2cm}}$ (2)

3. Voltooi die volgende getallemlyne:

3.1  (2)

3.2  (2)

Afdeling E – Ekwivalente breuke:

KEN die REËLS!!!

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. **EKWIVALENT** – Twee of meer breuke met **dieselfde waarde**.
2. Die **TELLERS** en **NOEMERS VERSKIL**, maar die **WAARDE** van die breuke is **DIESELFDE**.

VOORBEELD: $\frac{1}{2} = \frac{2}{4} = \frac{3}{6} = \frac{4}{8}$ [Kyk weer na jou breukemuur]

1. Vul die ontbrekende getalle in: [Gebruik die breukemuur om jou te help]

1.1 $\frac{1}{2} = \frac{\square}{4}$ 1.2 $\frac{1}{2} = \frac{\square}{6}$ (2)

1.3 $\frac{4}{8} = \frac{\square}{2}$ **8.** 1.4 $\frac{3}{4} = \frac{\square}{8}$

1.5 $\frac{8}{8} = \square$ 1.6 $\square = \frac{7}{7}$ (4)

2. Vul die ontbrekende breuke in: [Gebruik die breukemuur om jou te help]

2.1 $\frac{1}{8} + \underline{\hspace{2cm}} = 1$ 2.2 $\frac{1}{4} + \underline{\hspace{2cm}} = 1$

2.3 $1 = \frac{3}{5} + \underline{\hspace{2cm}}$ 2.4 $1 = \frac{2}{6} + \underline{\hspace{2cm}}$ (4)

3. Woordsomme met breuke:

Daar is 16 lekkers wat op verskillende maniere verdeel word. Lees en beantwoord die vrae:

3.1 Die 16 lekkers word tussen 2 maatjies gelykop verdeel. Hoeveel lekkers kry elkeen?

Oop getalsin: _____ (1)

Bewerkings: _____ (2)

Antwoord: _____ (1)

3.2 Die 16 lekkers word tussen 8 maatjies gelykop verdeel. Hoeveel lekkers kry elkeen?

Oop getalsin: _____ (1)

Bewerkings: _____ (2)

Antwoord: _____ (1)

3.3 Die 16 lekkers word tussen 4 maatjies gelykop verdeel. Hoeveel lekkers kry elkeen?

Oop getalsin: _____ (1)

Bewerkings: _____ (2)

Antwoord: _____ (1)

Afdeling F – Breuke en meting:

Moenie dat mates of afkortings jou bang maak nie!!!

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. Dit bly **GEWONE BEWERKINGS** met breuke.
2. Al wat bykom, is mates met **AFSTAND [mm, cm of km]**, mates met **INHOUD [ml of l]** of mates met **MASSA [g of kg]**.
3. Maak altyd seker dat jy die regte eenhede by jou bewerkings gebruik.

VOORBEELD: $\frac{3}{4}$ van 80 gram meel

Oop getalsin: $\frac{3}{4}$ van 80 gram

Bewerkings: $80 \div 4 = 20$
 $20 \times 3 = 60$

Antwoord: 60 gram meel

Skryf alle stappe neer!!!

1. Doen die woordsomme met breuke:

1.1 Ek het 120 g lekkers om tussen 6 kinders te verdeel. Hoeveel gram kry elke kind?

Oop getalsin: _____ (1)

Bewerkings: _____ (2)

Antwoord: _____ (1)

1.2 My boetie weeg 48 kg. Ek weeg 'n $\frac{3}{4}$ van sy gewig. Hoeveel kg weeg ek?

Oop getalsin: _____ (1)

Bewerkings: _____ (2)

Antwoord: _____ (1)

1.3 My ma het $3\frac{1}{3}$ / melk in die yskas. Sy gebruik $\frac{2}{3}$ / melk om pannekoek te bak.
Hoeveel liter melk is oor?

Oop getalsin: _____ (1)

Bewerkings: _____ (2)

Antwoord: _____ (1)